

‘Vriende van BabaGim’ Opleiding in Uitenhage

Lynette van Wyk

Op die mees stormagtige dag waarop paaie in ons stad verspoel en bome bo-op karre val, pak ek my BabaGim trollies propvol poppe, handdoeke en ander hulpmiddels om Vriende van BabaGim in Uitenhage by ’n dagsorgsentrum te gaan aanbied. Oki Doki Kidz het beide ’n Engelse as ’n Afrikaanse dagsorgsentrum twee strate van mekaar af en ek is sommer dadelik in die stortreën met ope arms en hope vriendelikheid ontvang tussen die kindertjies deur wat sit en huiswerk doen met fasiliteerders wat hulle bystaan.

Groot was my verbasing toe ek my goedjies in die klein, maar baie netjiese babakamer met 6 kamplekies, almal netjies en skoon, uitpak. Dis klein en bekomp op die vloer, maar ons gesels oor die leerprosesse, leer die poppe masseer en speel al te lekker met die verskillende moontlikhede van Week 1 en 2 van BabaGim. Drie dames, twee nog heerlik jonk en sonder kinders en een ouer dame neem entoesiasies mee. Dit verg determinasie en uithouvermoë vir ’n dagsorgjuffrou om 07:00 te begin werk en 10 uur later, om 17:00 aan te meld vir ’n twee- uur lange opleidingsessie. Maar sekere juffrouens het murg in hulle pype en Eva Forbes, Karen van Schalkwyk en Marika Britz het nie een keer gesug of gekla dat hulle die Vriende van BabaGim-kursus moes doen nie. Hulle het intelligent en meelewend deelgeneem aan al die aktiwiteite. Hulle is reg en lus vir leer en die oordra van kennis was ’n louter plesier. Nie een keer word enige van hulle deur ’n selfoon onderbreek of afgelei nie. Daar is nie eens tyd vir ’n lekker koppie tee nie.

Toe ons oor die belang van mattyd en magietyd gesels, spreek ek my waardering uit dat daar nêrens stoeltjies rondstaan waarin babas deur die dag geprop word nie. Daar is ook geen loopring of Jolly Jumper in sig nie. Die bestuurder van Oki Doki Kidz lig my vining in dat die eienaar ’n fisioterapeut is en hierdie goed “verpes”. Wat ’n voorreg om ’n ingeligte persoon aan die spits van sake te hê en hoe bevoorreg is hierdie babas om hulle wakkertyd op ’n sponserige mat op die vloer deur te bring.

Skaars 5 aande later hervat ons die marathon. Hierdie keer het ons drie BabaGim sessies om te hanteer en allerlei lekkerruiggoed, verskillende teksture, borrels, klokkes en sokkies met albasters en ander interessante inhoud word uitepak saam met die poppe in hulle BabaGim borslappe. Hierdie keer sit ons meer gerieflik om tafels waar daar tot nou toe nog ernstig huiswerk gedoen is. Een van die ouers wat ’n kind kom afhaal, sien hier gaan iets aan en wil sommer daar en dan raad hê met haar kind se ontwikkeling. Deur die loop van sessie 3, 4 en 5, maak dit skielik ook vir die personeel sin dat ’n sekere peuter met ’n besondere groot kop, so baie val. Ons teken sketse van die triune brein, bespreek hoe die mylpale op mekaar volg en afhanklik is van kopbeheer, en in die proses ontvou daar ’n hele nuwe wêreld vir die leergierige dagsorgjuffrouens.

Dit is inderdaad twee en ’n half uur later wat ons die laaste tekstuur onder ons “babas” se voete vryf en saam leer hoe leer afhanklik is van gedurige herhaling – presies soos die flitsie wat net skyn wanneer hy die hele tyd ge“pomp” word. Ons lees en teken saam die belofte van Vriende van BabaGim terwyl die wit kersies brand en neem uiteindelik foto’s van elke juffrou met haar gradeplegtigheid kappie op die kop en hulle ontvang met trots hulle sertifikate.

Hierdie lewe bied uitermate baie geleenthede tot selfverheffing en die meeste van hierdie geleenthede is kosbaar en verheffend vir die persoon. Vriende van BabaGim verryk egter nie bloot n versorger of juffrou nie – dit bied die hoop dat die kindertjies wat deur hulle hande gaan, ’n beter kans in hierdie lewe sal hê. Hoera vir n skool wat bereid was om bo en behalwe die fooi per persoon ook die brandstofonkoste te dek vir die heen en weer ryery Uitenhage toe en

terug. Mag elke sent en elke uur se opoffering 'n verskil maak in Oki Doki Kidz se kindertjies se lewens en ons saam bou, nie net aan beter breine nie, maar ook 'n beter toekoms vir ons land.

Die Vriende van BabaGim besonderhede, sowel as n beknopte verduideliking van wat BabaGim is, is met gepaste foto's en 'n verwysing na die webtuiste en die plaaslike instruktors se epos adresse aan die plaaslike koerant gestuur vir publikasie. Foto's van die opleiding en gradeplegtigheid is ook op Oki Doki Kidz se facebook bladsy gepos. Mag dit heelwat meer ouers skole inspireer om dieselfde te doen.

